

**Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se dokument wat
vanaf die begin van 2009 uitgestuur word aan persone en
instansies, in verband met die nuwe (2016)
Afrikaanse Bybelvertaling**

'n Nuwe Afrikaanse Bybelvertalingsprojek word tans onderneem wat teen ongeveer 2016 voltooi behoort te wees.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika stuur tans 'n dokument uit aan persone wat navraag doen in verband hiermee.

Daarin word die Bybelgenootskap en die vertalers van die nuwe (2016) Afrikaanse Bybelvertaling se standpunt ten opsigte van Christus se plek in die Ou Testament uiteengesit.

Hierdie dokument volg hierna (bladsy 2-10). Daarna volg 'n antwoord hierop wat deur prof PW Hoek en ds Danie Haasbroek saamgestel is (bladsy 11-20).

Die gebruik van hoofletters in Ou-Testamentiese gedeeltes wat in die Nuwe Testament as verwysings na die Messias aangedui word.

1. Inleiding en oriëntering

Die kerk het van die vroegste tye af van die standpunt uitgegaan dat sekere gedeeltes in die Ou Testament verstaan moet word as verwysings na Jesus Christus en die werk wat Hy sou kom doen. Dit het trouens al in die heel eerste gemeentes gebeur en die spore daarvan lê duidelik in die Nuwe Testament.

Die vertalers van die Nederlandse Statevertaling het telkens in die Ou Testament met notas in die kantlyn aangedui watter tekste in die Nuwe Testament aangedui word as verwysings na die Messias. Die vertalers het egter nie hoofletters gebruik in die gedrukte teks van die Statevertaling nie. Selfs ook in effens latere uitgawes van die Statevertaling wat nie van notas of voetnote voorsien was nie, word daar nie hoofletters gebruik in Ou-Testamentiese tekste wat volgens die Nuwe Testament op die Messias betrekking gehad het nie. Vanaf die begin van die twintigste eeu (ons is onseker van die presiese uitgawe se datum) toe voetnote en kantaantekeninge heeltemal weggelaat is,¹ is die gebruik egter gevestig om gedeeltes in die Ou Testament wat in die Nuwe Testament as Messiaanse verwysings aangedui word, in die vertaling weer te gee deur hoofletters in die setwerk te gebruik. Dit is gedoen in die geval van benamings (vgl bv Jesaja 9:5) en ook in die geval van direkte pronominale verwysings (dit wil sê 'hy' en 'hom') wat volgens die Nuwe Testament op Jesus Christus betrekking gehad het. So byvoorbeeld is die woord 'kneg' in Jesaja 53 in die weergawe van 1892 nog

¹ Die vraag na weergawes van die Statevertaling wat nie so dik en onhanteerbaar was nie, het waarskynlik hierdie weglatings genoodsaak.

met 'n klein letter gedruk, maar in die uitgawes van ná 1900 word dit met 'n hoofletter gedruk asook die pronominale verwysings na die 'kneg'. Die drie Nederlandse vertalings wat tans baie wyd in gebruik is in die Nederlandssprekende wêreld, naamlik Bijbel Vertaling 1951, De Bijbel (Willibrord hersiene uitgawe 1995) en De Nieuwe Bijbelvertaling 2004, gebruik egter geen sodanige hoofletters in Jesaja 53 nie. Die 1933-Afrikaanse vertaling, sowel as die hersiene weergawe van 1953 het die gebruik wat die Statevertaling ná 1900 gevestig het, nagevolg. Die Nuwe Afrikaanse vertaling van 1983 het egter teruggekeer na die gebruik van klein letters soos wat dit vir eeue gegeld het, en het slegs benamings of titels wat as eiename gebruik is, met hoofletters gedruk.

2. Wat van die bronteks en ander vertalings?

Dit is algemeen bekend dat die Hebraeuse taal nie enige 'hoofletters' gebruik nie en dat slegs in enkele uitsonderlike gevalle (bv Deut 6:4) van 'n paar vergrote letters gebruik gemaak word in die gedrukte weergawes van die Hebraeuse teks.

Die oudste volledige vertalings van die Ou-Testamentiese boeke is natuurlik in Grieks gedoen. Hierdie vertalings wat in die Septuaginta neerslag gevind het, was die Heilige Skrifte van die Nuwe-Testamentiese skrywers. Dit is onder andere duidelik uit Ou-Testamentiese aanhalings in die Nuwe Testament. Grieks het wel vanaf 'n sekere stadium die moontlikheid gehad om 'hoofletters' te gebruik. So byvoorbeeld is Griekse tekste van die Septuaginta vanaf die vierde tot die negende eeu volledig in hoofletters geskryf (in die sogenaamde *majusculus* manuskripte). Sedert die Middeleeue was die gebruik van klein letters (in die sogenaamde *minusculus* manuskripte) weer in gebruik. Dit is opvallend dat nie in

een enkele geval daar in die Griekse vertalings van die Ou Testament 'n verskil in skryfwyse is in gedeeltes wat in die Nuwe Testament as verwysings na of beloftes van die koms van die Messias aangedui word nie. Ook in die uitgawe wat vandag algemeen beskou word as 'n betroubare weergawe van die Ou Testament in Grieks wat die vroeë kerk oor baie jare gebruik het, naamlik dié van Alfred Rahlfs, word hoofletters gebruik vir eiename, maar nie vir voornaamwoorde in dele soos Jesaja 53 nie. Dit geld trouens vir alle dele in die Ou Testament wat in die Nuwe Testament Messiaans gedui word.² Dieselfde geld ook vir die Latynse vertalings wat eeue lank in die kerk gebruik is.

Selfs in die vertaling van Martin Luther en die hersiene weergawes daarvan, word hoofletters nie gebruik by voornaamwoorde wat verwys na die 'kneg' in Jesaja 53 nie. Dieselfde geld ook in 'n baie hoë mate vir Engelse vertalings. Van die talle Engelse vertalings wat algemeen beskikbaar is, gebruik die volgende nie hoofletters nie: Contemporary English Version, English Standard Version 2001, Good News Bible, King James, The Message, The Net Bible, The New American Bible, New Century Version, New International Version, New Jerusalem Bible, New Living Translation, New Revised Standard Version, Revised Standard Version, 1890 Darby Bible en American Standard Version. So ver vasgestel kon word, gebruik slegs die New American Standard Bible, New King James Version, Young's Literal Translation en die Holman Christian Standard Bible hoofletters in Jesaja 53.

Dit is dus duidelik dat die gebruik van hoofletters om vir lesers aan te dui dat 'n bepaalde gedeelte deur die Nuwe-Testamentiese skrywers verstaan is as verwysings na Jesus Christus (naas die paar Engelse vertalings) hoofsaaklik

² Vgl bv Jesaja 7:15

beperk is tot uitgawes van die Nederlandse Statevertalings wat ná 1900 gedruk is, sowel as die Afrikaanse vertaling van 1933 (hersien in 1953), wat die gebruik van die Statevertalings van ná 1900, nagevolg het.

3. Die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek waaraan tans gewerk word (ABV)

By die samestelling van die Werkboek waarin die praktiese uitvoering van die Vertaalopdrag vir die ABV vooraf beplan is, is die hele vraag oor Ou-Testamentiese gedeeltes wat in die Nuwe Testament as beloftes van of verwysings na Christus verstaan word, volledig bespreek. Die samestellers van die Werkboek was deeglik bewus daarvan dat die Nuwe-Testamentiese skrywers sonder enige twyfel op bepaalde plekke in die Ou Testament naas die gewone betekenis ook 'n verborge of dieper betekenis³ raakgesien het, wat hulle verstaan het as verwysings na Christus en dit wat Hy sou kom doen. Die vraag wat dus by die samestelling van die Werkboek op die tafel was, was die volgende: Moet die verborge of dieper betekenis van 'n teks (of selfs net enkele woorde) in die Ou Testament neerslag vind, met die gevolg dat die voor die hand liggende betekenis op die agtergrond skuif; of moet die gewone betekenis vertaal word met die gevolg dat die Nuwe-Testamentiese verstaan van die teks, nie aangedui word nie? Dit was duidelik dat dit onmoontlik is om sowel die voor die hand liggende betekenis as die dieper betekenis **tegelyk** te verwoord of in druk aan te dui in die vertaling. Buitendien is 'n vertaling wat slegs die Nuwe-Testamentiese betekenis probeer weergee dan nie meer 'n getroue weergawe van die Ou-Testamentiese bronteks nie. En daarvan (naamlik dat dit 'n getroue weergawe van die bronteks moet wees) wil die vertalers en die Bybelgenootskap nie een oomblik afwyk nie.

³ Die woorde 'dieper betekenis' is 'n **breë aanduiding** vir wat in die Nuwe-Testamentiese uitleg van die Ou Testament as profesie, dit wil sê belofte-vervulling (vgl Mat 1:22-23) verstaan, of ook as tipologie en allegorie uitgelê word (vgl vir laasgenoemdes bv Rom 5:14 en 1 Kor 10:1-4).

Die probleem kan kortliks geïllustreer word aan die hand van 'n voorbeeld. In Hosea 11:1 staan daar die bekende woorde (volgens die 1953-vertaling): “Toe Israel 'n kind was, het Ek hom liefgehad, en uit Egipte het Ek my seun geroep.” Dit verwys sonder enige twyfel na die twaalf stamme van Israel wat deur Moses uit Egipte uitgelei is. Dit is die gewone, voor die hand liggende betekenis en in die 1953-vertaling is “seun” tereg nie met 'n hoofletter gedruk nie. Volgens Matteüs 2:15 is daar egter 'n dieper betekenis in die tweede deel van Hosea 11:1. Die skrywer van die evangelie sê dat dit 'n profesie was wat verwys na die kind Jesus se terugkeer uit Egipte saam met Josef en Maria ná die dood van Herodes. Op grond daarvan het die vertalers in 1933/53 “Seun” in Matteüs 2:15 met 'n hoofletter laat druk. Dit is egter onmoontlik om die teks in Hosea 11:1 deur die gebruik van hoofletters vir die leser as 'n verwysing na Christus aan te dui sonder verlies van die gewone betekenis. Dit is inderdaad nie moontlik om sowel die primêre betekenis as die dieper betekenis in 'n vertaling van die Ou Testament **gelyktydig** in taal, asook setwerk (hoof- en kleinletters) uit te druk nie. Daar is baie ander gevalle wat as voorbeelde sou kon dien, onder andere Efesiërs 5:31 waar die skrywer Genesis 2:24 aanhaal en dan stel dat daar 'n misterie, dit wil sê 'n verborge betekenis, in daardie woorde opgesluit lê.⁴ Die skrywer sê egter ook baie duidelik dat die gewone betekenis steeds geld (vgl vs 33). Alhoewel dit nie na Christus verwys nie, sou die apostel Paulus se gebruik van die Genesisvertellings in Galasiërs 4:20 tot 30 ook as voorbeeld kon dien van 'n simboliese (en in hierdie geval allegoriese) betekenis wat in die Nuwe Testament aan die Ou-Testamentiese vertelling geheg word. Iets wat immers nie

⁴ In Grieks word die woord *musthron* gebruik wat in Latyn met *sacramentum* vertaal is. In die Rooms-Katolieke sowel as Protestantse kerklike tradisies is dit verstaan as 'n verwysing na die huwelik. Uit die konteks is dit egter duidelik dat dit eerder na die **woorde** in Gen 2:24 verwys.

in die **teks (taal en setwerk)** van 'n vertaling van die Ou Testament verwoord of aangedui kan word nie.

Omdat die samestellers van die Werkboek egter wel die Nuwe-Testamentiese verstaan van bepaalde gedeeltes in die Ou Testament eerbiedig, is besluit om in die Afrikaanse vertaling waaraan tans gewerk word, al daardie gevalle waar die outeurs van die Nuwe Testament 'n dieper betekenis vir 'n teks of woorde uit die Ou Testament aandui, in die Ou Testament met 'n voetnoot te merk. Sodoende kan die leser se aandag gevestig word op die Nuwe-Testamentiese verstaan van die bepaalde teks of woorde en dít sonder verlies van die primêre betekenis. Daarmee word in 'n sekere sin terugbeweeg na die gebruik wat die vertalers van die Statevertaling aanvanklik gevestig het. Hierdie benadering geld slegs daardie gevalle waar dit die Nuwe-Testamentiese **skrywers** was wat hierdie dieper betekenis aangedui het en beslis nie daardie gevalle waar ander interpreteerders of dogmatici simboliese of dieper betekenis in die Ou Testament vind nie.

4. Die verskil tussen dogmatiese besinning en vertaling

Elkeen wat al sy of haar hand gewaag het aan die vertaling van ou tekste uit 'n ander kulturele omgewing, sal weet dat interpretasie van daardie tekste by die voorbereiding van die vertaling onvermydelik is. Elke vertaler ken egter ook die gevare verbonde daaraan, veral in die geval van religieuse tekste waar die dogmatiese oortuigings van die vertaler baie maklik die teks iets anders sou kon laat sê as wat werklik in die bronteks geskryf staan.

So byvoorbeeld was dit op 'n stadium 'n gewilde siening om, vanuit 'n dogmatiese skema waar die Ou Testament primêr as beloftes beskou is wat later

in die Nuwe-Testamentiese tyd in vervulling sou gaan, na Genesis 3:15 te verwys as die ‘moederbelofte’. Die woord ‘vermorsel’ (in “Hy sal jou die kop vermorsel”, vgl die 1953-vertaling) is geïnterpreteer as ’n belofte van Jesus Christus se toekomstige oorwinning oor die slang, naamlik Satan. Sodanige interpretasie van die teks hou egter nie rekening daarmee dat die Hebreeuse werkwoord wat met ‘vermorsel’ vertaal is, dieselfde is as die werkwoord wat die aksie van die slang beskryf nie (met ander woorde die woord ‘byt’ in “jý sal hom in die hakskeen **byt**”). Die Hebreeuse werkwoord wat in albei gevalle gebruik word (naamlik *shuf*) beteken ‘beetpak’ of ‘aanval’. Daarom het die vertalers van die Septuaginta ook in albei gevalle presies dieselfde werkwoord gebruik. Die vertalers van die 1933-vertaling het, nieeenstaande die feit dat die een Hebreeuse woord met twee verskillende werkwoorde vertaal is (nl ‘vermorsel’ en ‘byt’) ook nie Genesis 3:15 as ’n verwysing na Jesus Christus verstaan nie (vgl die gebruik van die kleinletter ‘**hom**’ in “jý sal **hom** in die hakskeen **byt**”).

Uit hierdie voorbeeld is dit duidelik dat dogmatiese besinning in die lesingsaal en op die kansel sy plek het, maar dat dit vermy moet word by die vertaling van die Bybel,⁵ iets wat immers ook deur verskeie vertaalteorieë aangedui word. Die Werkboek van die ABV bevat daarom die volgende bepaling:

Teologiese kommentare moet egter met omsigtigheid hanteer word aangesien die gevaar bestaan dat die teologiese oortuigings wat in die kommentaar neerslag gevind het, dominant kan word in die verstaan van die teks, terwyl dit die bepaalde tekseenheid in sy unieke wêreld en met sy unieke teksaanbod is wat bepalend behoort te wees. Die teks is belangriker as die dogmatiese

⁵ ’n Eerlike vertaler kan byvoorbeeld vas oortuig wees daarvan dat die Heilige Gees die skrywers van die Nuwe Testament gelei het in hulle verstaan van die Ou Testament, maar sal dit nie in die vertaalde teks van die Ou- of Nuwe Testament ‘inskryf’, tensy dit duidelik in die bronteks staan nie.

besinning daaroor. Getrouheid aan die bronteks is van die uiterste belang en die eksegeet moet deeglik bewus wees van eie hermeneutiese vooronderstellings.

5. Samevatting

In die lig van die voorafgaande is dit duidelik dat

- daar 'n verskil is tussen die bronteksgetroue **vertaling** van 'n teks en **dogmatiese besinnings** oor 'n teks,
- die voor die hand liggende betekenis van 'n teks in die Ou Testament en die moontlikheid wat die teks bied tot 'n simboliese interpretasie of die dieper betekenis wat die skrywers van die Nuwe Testament daarin gehoor het, nie gelyktydig in 'n vertaling weergegee kan word nie,
- die gebruik om met hoofletters bepaalde gedeeltes in die Ou Testament wat in die Nuwe Testament as verwysings na die Messias aangedui word, as sodanig te merk, in die vertaaltradisie waarby Afrikaanse vertalings aansluit, 'n baie beperkte omvang het, naamlik slegs 'n paar Engelse vertalings, die gedrukte Nederlandse Statevertalings van ná 1900 en die Afrikaanse vertaling van 1933 asook die hersiene uitgawe van 1953.

6. Ten slotte

Die besluit om in die Afrikaanse vertaling waaraan daar tans gewerk word, nie hoofletters te gebruik vir die merk van bepaalde dele in die Ou Testament wat in die Nuwe Testament Messiaans gedui word nie, maar om dit wel in die vertaling van die Ou Testament met voetnote aan te dui, is dus met groot verantwoordelikheid geneem en met in ag neming van die geskiedenis van

vertalings uit die bronteks, van vertaalteorieë en van die opdrag aan die vertaler om die bronteks getrou te vertaal en nie die primêre betekenis óf aan te tas óf te verskraal nie.

Enige bewering dat daar 'n doelbewuste poging by die medewerkers aan die huidige Afrikaanse Bybelveralingsprojek is om “Christus uit die Ou Testament te verwyder” is onwaar en oningelig. Dit hou nie rekening met die feite wat op die tafel is nie.

ANTWOORD OP DIE VOORGAANDE DOKUMENT

Dit is noodsaaklik om op die voorgaande dokument te reageer. Daarom word hiermee standpunt ten opsigte daarvan ingeneem.

Die opskrifte wat hierna volg, verwys na stellings wat in die bogenoemde dokument gemaak of waarhede wat verswyg word.

1. Die woorde: “primêre betekenis”

Die skrywer(s) van die voorgaande dokument gebruik ’n paar keer die term “primêre betekenis” wat in die Hebreeuse teks te vind sou wees. Dit word ook omskryf as “die voor die hand liggende betekenis van ’n teks in die Ou Testament”. (Vergelyk byvoorbeeld punte 3 en 5 in die voorgaande stuk.)

Die vraag kom nou na vore: Waarom kan ons dit wat Christus self gesê het die primêre betekenis van die Ou Testamentiese teks is, nie as sodanig aanvaar nie? Hy het gesê: “Dit is juis die Skrif (dus die Ou Testament) wat oor My getuig” (Joh 5:39).

Waarom kan die vertalers dan nie vir Christus as die primêre inhoud van die Ou Testament sien nie?

Die vraag kan ook so aan die Bybelvertalers gestel word: Is dit regtig so moeilik en akademies onaanvaarbaar om Christus in Sy uitleg van die Ou Testament na te volg?

Waarom moet Christus (byvoorbeeld in Jesaja 53) op die agtergrond geskuif word deurdat kleinletters gebruik word? Hy is tog ’n Goddelike Persoon. Jesaja 53 verwys na Hom alleen, en as dit na ander sou verwys, sou niemand gered kon word nie.

Verder kan gevra word: Wie bepaal die “voor die hand liggende betekenis” van ’n teks in die Ou Testament? Is die mense wat dit bepaal dan diegene wat nie Christus daarin kan sien nie?

Dit blyk dus dat die vertrekpunt wat die skrywers van die voorafgaande stuk wil voorstaan, nie aanvaarbaar is nie. Hulle verwys nêrens na die Heilige Gees en Sy werk in die gee van die Skrif nie. Die “voor die hand liggende betekenis” is tog juis dit wat die Heilige Gees geopenbaar het – en meer bepaald: dit wat Hy in verband met Christus openbaar het.

As die Bybel die samevoeging van menslike verhale sou wees, sou die argument van bogenoemde skrywers kon standhou. Om egter die Skrif te wil afgradeer tot 'n geskrif waarin Christus nie van die begin tot einde geopenbaar word nie, is sonde. Die werklikheid is tog dat die Heilige Gees die hele Bybel geïnspireer het (2 Pet 1:20-21).

Dit is nie slegs as gevolg van dogmatiese besinning wat Christus in die Ou Testament erken word nie. Dit is juis die “voor die hand liggende betekenis” om Hom deurgaans in die Messiaanse profesieë en ook in Sy talle verskynings, in die vorm van visioene in die Ou Testament, te erken. Hy mag deur niemand uit Sy ereposisie weggestoot word nie.

Die Ou Testamentiese mense moes Hom vanuit die Ou Testament as die Messias erken en eer. Slegs diegene wat Hom as sodanig erken en in Hom geglo het, is gered. Daar was geen ander manier waarop hulle gered kon word nie (Joh 14:6).

Die feit dat die Ou Testament van Christus getuig (vergelyk Joh 5:39) beteken ook dat ons versigtig moet wees om te onderskei tussen 'n “voor die hand liggende (of primêre) betekenis” en 'n “dieper betekenis” van Ou Testamentiese Skrifgedeeltes. Hierdie onderskeid kan maklik daartoe lei dat 'n mens Christus slegs in die “dieper betekenis” wil raaksien en nie in die “voor die hand liggende” nie. Dit sou ook Johannes 5:39 weerspreek waar Christus self gesê het dat die Ou Testament, sonder voorbehoud, van Hom getuig.

Teenoor die enkele teksverse wat op so 'n moontlike onderskeid sou kon dui (soos wat in die voorafgaande dokument genoem word, naamlik Hosea 11:1 en Matteus 2:15) is daar 'n paar honderd teksverse in die Nuwe Testament wat daarop dui dat die Ou Testament direk van Christus getuig.

As daar dus wel tussen 'n “voor die hand liggende (of primêre) betekenis” en 'n “dieper betekenis” in Ou Testamentiese Skrifgedeeltes onderskei sou kon word, moet erken word dat beide van Christus getuig.

Om dus die Ou Testamentiese openbaring te wil verdeel in twee vlakke, naamlik 'n vlak waarin Christus nie herkenbaar sou wees nie en 'n vlak waarin Hy wel herkenbaar is, gaan in teen die Skrif en is daarom buite orde. Dit blyk dus dat hierdie onderskeid liever nie gemaak behoort te word nie.

Dit is duidelik wat die uitwerking van so 'n onderskeid is. Christus word Sy ereplek in die Ou Testament misken en kleinletters word gebruik. Verder word die Heilige Gees ook misken – en word die woord “Gees” nou met 'n kleinletter geskryf in Genesis 1:2, in die eerste uitgawe van die proefvertaling van die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. (Genesis 1:2 lees daarin soos volg: “En die gees van God was aan die sweef oor die water”.)

Wanneer Christus en die Heilige Gees in die Skrif misken word, is dit nie God die Vader wat alleen oorbly nie, want Hy kan alleen deur die werking (en erkenning van) die Heilige Gees geken word. Die werklikheid is dus dat dit 'n ander godheid is wat dan in die Ou Testament sou funksioneer.

Die Bybel sê self dat die moontlikheid bestaan dat 'n ander Jesus as die werklike en ware Jesus verkondig kan word (2 Kor 11:4). Daarom: as Christus uit die Ou Testament wegredeneer en wegvertaal word (weens watter redenasies ook al) dan het ons met 'n ander Christus as die ware Christus te doen.

Daarteenoor staan die waarheid vas dat die Ou Testament, net soos die Nuwe Testament, deurgaans positief die enigste ware Christus (Messias) verkondig.

2. Die verswyging van die werk van die Heilige Gees

Die Heilige Gees word nêrens genoem in hierdie voorafgaande dokument nie. Die skrywers daarvan se uitgangspunte is buite orde juis omdat die Heilige Gees nie reg erken word vir Sy leiding in die verstaan van die Skrif nie.

Slegs die Heilige Gees kan vir ons aandui wat die ware betekenis van Ou Testamentiese Skrifgedeeltes is. Hy is die “Gees van Christus” wat in die profete en dus in al die Bybelskrywers was (1 Pet 1:11). Hierdie inhoud het die Heilige Gees reeds aan die Ou Testamentiese lesers geopenbaar – en die wat dit geglo het, is gered.

Verdere lig hieroor word uit 2 Petrus 1:20, 21 verkry. Daaruit leer ons dat “geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie”. Met ander woorde: Om die Skrif enigsins te wil lees sonder die duidelike wete dat die Heilige Gees jou in die verstaan daarvan lei, is buite orde. Die rede is dat die Heilige Gees die Bybelskrywers geïnspireer het en hulle het daarom “vanaf God” gespreek (2 Pet 1:21 – volgens die oorspronklike teks).

Uit 1 Korintiërs 12:3 weet ons dat niemand werklik en eerlik kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe as die Heilige Gees hom lei. Hieruit weet ons ook dat niemand die “voor die hand liggende” betekenis van die Bybel, en net so ook die sogenaamde “dieper betekenis”, kan insien sonder dat die Heilige Gees hom lei nie. Anders gestel: As die Heilige Gees 'n Bybellezer lei, sal hy wel Christus in die Skrif kan raaksien. Dan word dit vir hom duidelik dat Christus die “voor die hand liggende” en die “dieper betekenis”, en ook die boodskap, van die Skrif is – waar hy ook al uit die Bybel lees.

In die Hebreuse teks kom in Genesis 1:2 die woord “ruag” voor. Hierdie woord kan vertaal word met die woorde “wind”, “asem” en “gees”. Die betekenis moet telkens uit die verband afgelei word. In Genesis 1:2 moet hierdie woord as “Gees” (met ’n hoofletter “G”) vertaal word omdat dit hier na ’n Goddelike Persoon verwys.

Daar is net een ware God en Hy is die Drie-enige God. Dit is Hy wat die skepping gemaak en former het. Daarom moet die woord “Gees” in Genesis 1:2 met ’n hoofletter geskryf word.

’n Kleinletter “gees” in Genesis 1:2 kan geensins die Gees van die Drie-enige God, in wie ons glo, wees nie – en dit is dus ’n ontkenning van wie God werklik is.

Dit is wel so dat in sekere Engelse Bybelvertalings die woorde “Spirit” en “Holy Spirit” in die Ou Testament met kleinletters “spirit” en “holy spirit” geskryf is (vergelyk Ps 51:11-13; Jes 63:10-11). In The New English Bible is dit deurgaans die geval, en tot ’n groot mate ook in latere uitgawes van die King James Version en die Revised Standard Version. Die vraag is egter: Bestaan daar enige gronde om sulke vertalings na te volg?

3. Die bronteks

Die eerste uitgawe van die Proefvertaling: Afrikaanse Bybelvertalingsprojek, het in 2008 verskyn. Daar is met skok opgemerk dat die Heilige Gees se Naam nou met kleinletters geskryf word – en dit blyk dat ook Christus se Name in die Messiaanse profesieë met kleinletters geskryf sal word .

Hoe sou die vertalers kon redeneer om die Bybel so te vertaal?

Dit blyk dat hulle die boek Genesis (en dus die Ou Testament) beskou as die samevoeging van volksverhale wat (primitiewe?) mense oorgelewer het. Lees byvoorbeeld die Inleiding tot die boek Genesis wat in hierdie proefvertaling verskyn – en dus moontlik in die nuwe vertaling gaan verskyn! Hier volg twee sinne wat daarin voorkom: “Die boek (*Genesis*) begin ... met ’n gedeelte (1-11) bestaande uit verskillende vertellings wat die oorsprong van die mensdom probeer beskryf uit die oogpunt van die godsdienstige oortuigings van die mense van die Bybelse tyd.” En: “Genesis is saamgestel uit verhale wat uit verskillende tye en omgewings kom.”

Die vertalers se uitgangspunt is dus dat die Skrif uit die mens voortgekom het. Dit is dan nie openbaring wat God direk deur die Heilige Gees gegee het nie. En dit bots met byvoorbeeld Eksodus 24:12; 31:18; 32:15, 16; 34:1, 2, 27, 28; 2 Petrus 1:20, 21.

In die Bybelgenootskap se brief (of dokument) word verklaar (op bladsy 6 hierbo): “En daarvan (naamlik dat dit ’n getroue weergawe van die bronteks moet wees) wil die vertalers en die Bybelgenootskap nie een oomblik afwyk nie.”

Meen hulle dat hulle getrou aan die bronteks is wanneer hulle kleinletters gebruik? Ons beskou dit as misleidend. Is dit nie ’n misbruik van die woord “bronteks” nie?

’n Mens kan tereg wonder waarom die klem so op die bronteks geplaas word as die bronteks maar net menslike verhale is waarin Christus en die Heilige Gees nie duidelik gesien kan word nie.

4. Hoofletters word tydens die setproses ingevoeg

Die gebruik van hoofletters is nie iets wat maar eers by die setproses (en drukproses) ter sprake kan kom nie. Dit moet vanaf die begin van die vertaalproses beskou word as belangrik om ’n korrekte weergawe van die wese van die Skrif aan te bied.

Dit is byvoorbeeld belangrik dat die voornaamwoorde “Hy” en “Hom” met hoofletters geskryf word om vir die leser ’n aanduiding te gee dat met eerbied van God gepraat word.

Dit is onaanvaarbaar dat waarskynlik in die meerderheid van die Engelstalige Bybelvertalings deesdae kleinletters “he”, “him” en “his” gebruik word wanneer na God verwys word.

Ook in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament moet hoofletters gebruik word ten einde die Bybellesers te lei om die Messiaanse profesieë reg te verstaan.

5. Die Statevertaling

Die bewering word gemaak dat die Statevertaling nie hoofletters in die Messiaanse profesieë gebruik nie, maar wel daaronder met voetnotas die Nuwe Testamentiese verwysings aandui. Hierdie bewering verdien kommentaar.

Die betrokke vorste wat destyds die opdrag gegee het dat die Bybel in Nederlands vertaal moes word, asook die teoloë wat die vertaalwerk moes doen, se situasie kan dalk lig hierop werp. Hulle kon aanvanklik gemeen het dat as ongeveer die helfte van elke bladsy aan verduidelikende opmerkings afgestaan word, dit genoegsame ruimte vir verduideliking sou bied van hoe Christus wel in die betrokke gedeeltes na vore kom.

Dit is insiggewend om na 'n latere uitgawe van die Statebybel te kyk. In 'n uitgawe wat in 1919 gedruk is, verskyn byvoorbeeld die volgende Name van Christus wel met hoofletters:

Psalm 2:2, 6, 7, 12: Gesalfde, Koning, Seun

Psalm 16:10: Heilige (vergelyk Hand 2:31; 13:35)

Psalm 45:2, 7, 8, 12: Koning, God, Heere

Psalm 110:1, 4: Heere, Priester

Jesaja 4:2: SPRUIT

Jeremia 23:5; 33:15: SPRUIT

Jeremia 23:6; 33:16: DE HEERE, ONZE GERECHTIGHEID

Joël 2:23: Leeraar ter gerechtigheid

Miga 5:1: Heerser

Sagaria 9:9: Koning, Heiland

Maleagi 3:1: Engel des verbonds.

Uit bogenoemde blyk dat, in hierdie uitgawe van die Statebybel, meer Name van Christus met hoofletters aangedui word as wat selfs in die Afrikaanse 1933/53-Vertaling die geval is. Vergelyk in hierdie lys die woorde: Heilige (Ps 16:10), Priester (Ps 110:4), Leeraar (Joël 2:23) en Heiland (Sag 9:9).

Dit blyk dat teoloë wat met die vertaling van die Statebybel gemoeid was, deur die loop van 'n paar eeue geleidelik tot die insig gekom het dat dit noodsaaklik is om hoofletters vir die Name van Christus in die Ou Testament te gebruik. Wat meer is, hulle het in sekere opsigte selfs meer hoofletters gebruik as wat in ons 1933/53-Vertaling verskyn.

Verder is dit belangrik om daarop te let dat, toe die kantaantekeninge mettertyd uit die Statevertaling verwyder is, daar nog talle teksverse behou is wat die lesers na Nuwe Testamentiese teksverse verwys. Hierdie Nuwe Testamentiese verwysings verskyn direk na teksverse in die Ou Testament en nie onderaan bladsye (dus as voetnotas) in die Ou Testament nie.

Ons vind dus hierin wel 'n navolgingswaardige voorbeeld, naamlik om hoofletters sowel as teksverwysings (al is dit voetnotas) in die Ou Testament te gebruik!

Tog word in hierdie 1919-uitgawe, in die vier “Kneg van die HERE” – profesieë in die boek Jesaja (42:1-7; 49:1-13; 50:4-10; 52:13 – 53:12) deurgaans slegs kleinletters gebruik – en wat dus nie vir ons tot voorbeeld strek nie.

In die 1919-uitgawe van die Statebybel was baie Nuwe Testamentiese teksverwysings aan die einde van teksverse geplaas. Die funksie hiervan is in die 1933/53 Afrikaanse Bybel

vervang deur die gebruik om 'n kolom met teksverwysings in die middel van elke bladsy te plaas. Hierdie metode is meer volledig en tog so goed, of dalk beter, as voetnotas.

Die gebruik van voetnotas sal dus niks meer bied as die kolomme met teksverwysings in die 1933/53 Afrikaanse Bybel nie.

6. Die bewering dat die gebruik van hoofletters hoofsaaklik beperk is tot 'n paar Engelse vertalings, en die Statebybel nà 1900, en die Afrikaanse 1933/53-Vertaling

Dit is 'n ope vraag of hierdie bewering 'n korrekte indruk skep.

Eerstens kan genoem word dat die ou King James Version (of Authorised Version) wat in 1611 in Engeland verskyn het, deurgaans die woorde “Thee”, “Thou” en “Thy” vir God gebruik. As die enigste Engelstalige Bybelvertaling wat vir drie eeue bestaan het, is hierdie Bybelvertaling wêreldwyd gebruik.

Hier volg twee voorbeelde van resente vertalings. In die Portugese Bybel verskyn die volgende woorde met hoofletters, in die Messiaanse profesieë in die Ou Testament:

Psalm 2:6, 12: Rei (Koning), Filho (Seun)

Psalm 45:6: o Deus (o God) – vir ons 45:7

Psalm 110:1: meu Senhor (my Here)

In 'n Franse Bybel (uitgawe: 1968) verskyn hierdie Name soos volg:

Psalm 45:7, 8: ô Dieu (o God)

Psalm 110:1: mon Seigneur (my Here)

Gevolgtrekking: Die vraag moet liever omgedraai word, naamlik: In watter Bybelvertalings in Westerse tale word nie hoofletters gebruik nie?

7. Aanbevelings

7.1 Die vertalers van die nuwe Afrikaanse Bybel het die geleentheid om aan die Afrikaanssprekendes in die geslagte wat kom, 'n Bybel te voorsien waarin die openbaring van God duidelik en reg uiteengesit sal wees. Hulle moet asseblief tog nie die heilswaarhede daarin, agter byvoorbeeld die gebruik van kleinletters versluier nie!

- 7.2 Dit is juis omdat in soveel Bybelvertalings verkeerde tendense voorkom, dat dit belangrik is om nou die korrekte vertrepunte te gebruik. As die Bybelvertalers nie die korrekte Bybelse vertrepunte het nie, kan dit wees dat die Bybellesers onder die indruk sal kom dat die Bybel uit die mens na vore gekom het en nie van Bo gegee is nie. Dit kan dan ook die indruk skep dat die Bybel nie handel oor wat God gesê het nie, maar oor wat mense daarvan gedink het.
- 7.3 Dit is die Drie-enige God wat Homself ook in die Ou Testament openbaar. Dit moet vir die Bybellesers duidelik wees hoe elk van hierdie Persone in die Ou Testament geopenbaar word.
- 7.4 Dit is logies dat byvoorbeeld die Pinksterkerke nie 'n Bybel sal aanvaar (en in gebruik sal neem) waarin die Heilige Gees misken word nie. Wat meer is, dit behoort ook elke kerkgenootskap se standpunt te wees dat hulle nie 'n Bybelvertaling sal aanvaar waaruit Christus en die Heilige Gees wegvertaal is nie.
- 7.5 Die gebruik van kleinletters kan baie kwaad doen en selfs skeuring by kerke en tussen gelowiges veroorsaak, maar die gebruik van hoofletters sal geen kwaad doen en skeuring veroorsaak nie. Is dit nie die Bybelgenootskap en die Bybelvertalers se dure plig om toe te sien dat hulle hul nie aan sulke skeuring skuldig maak deur Christus en die Heilige Gees uit die Ou Testament weg te vertaal nie, deurdat kleinletters gebruik word?

ADDENDUM

Die term “my Here” in Psalm 110:1

Aangesien hierdie ’n strydpunt geword het, is dit belangrik om iets hieroor te sê.

Die term “my Here” in Psalm 110:1 is in die Hebreeuse teks *Adoni*. Hierdie woord het ook ’n majesteits-meervoudsvorm, naamlik *Adonai*, wat byvoorbeeld in Maleagi 3:1 voorkom. Albei hierdie woorde dui ’n enkele Persoon, naamlik Christus, aan in hierdie twee teksverse.

So vind ons ook in die Engelse taal die “royal plural form”. Hierdie segswyse word gebruik om die majesteit en grootheid van ’n besondere persoon uit te druk.

Die woorde in die Hebreeuse teks het tot ’n paar eeue n.C. slegs met konsonante verskyn. Om dit meer leesbaar te maak, is toe vokale (naamlik a, e, i, o, u) in die vorm van kolletjies en strepies, bo en in en onder die konsonante aangebring. Die Masorete, wat ’n groep Joodse skrifgeleerdes was, het hierdie taak onderneem.

Die woorde *Adoni* en *Adonai* het presies dieselfde konsonante. Die vraag is nou of die Masorete die woord *Adoni* in Psalm 110:1 reg gevokaliseer het. Moes hierdie nie ook *Adonai* gewees het nie? Dit is waaroor die debat gaan.

Dit bly egter vasstaan dat albei vorme wel na Christus sou verwys. Dit is die verklaring wat Christus self hiervan gegee het en dit is deur drie Evangelieskrywers opgeteken (Matt 22:43-45; Mark 12:35-37; Luk 20:41-44).

Die woorde *Adoni* en *Adonai* se betekenis word ook geïllustreer in die gebruik van die woord *El*, en sy majesteits-meervoudsvorm, naamlik *Elohim*. Albei word met die woord “God” vertaal. Albei kan óf ’n enkele Persoon in die Godheid aandui, óf ’n meervoudige getal Persone. In Genesis 1:1 byvoorbeeld kom die woord *Elohim* voor.

Al vier hierdie woorde (*Adoni*, *Adonai*, *El* en *Elohim*) kan óf na God verwys óf dit kan ook op belangrike persone, soos konings of selfs afgode, dui. Die betekenis van die betrokke woord moet dus telkens uit sy verband, dus ook uit sy verband met die Nuwe Testamentiese openbaring, afgelei word.

Terwyl die woord *Jahveh* die Verbondsnaam van God aandui, dui die woorde *Adoni* en *Adonai* egter rang aan. Dit wil dus sê dat Christus die Opperheerser, die Hoogste Regter en Regeerder is, en dus die hoogste in rang is, bokant die skepping uit.

Gevolgtrekking: Ons bly by ons standpunt dat die term “my Here” in Psalm 110:1 nog altyd slegs na Christus verwys het.

Prof PW Hoek
Ds Danie Haasbroek

1 September 2009